# Amos 6:6 – 'N GOEIE LEWE, VIR ALMAL

AGTERGROND VAN BOEK

Amos is die eerste profeet in die OT wie se woorde in 'n selfstandige boek opgeteken is. Hy tree ongeveer in die jaar 760 vC op. Dit was 'n tyd van voorspoed en vrede. Die welvaart was ongelukkig nie vir almal beskore nie. Die rykes het al hoe ryker geword en die armes al hoe armer.

Die oordeel waarteen die profeet die mense gewaarsku het, het gebeur. Hulle is in ballingskap weggevoer. Die Here is getrou aan sy woord.

God se oordeel beteken egter nie totale vernietiging van sy bondsvolk nie. Hy bemoedig ook die lesers met beloftes van herstel en opbou.

LEES: Amos 6

ELLENDE VIR JULLE

Hoe sou u vanoggend gevoel het as ek die diens in plaas van met die seëngroet *"Genade vir julle en vrede…",* begin het met die woorde: *"Ellende vir julle…!"*? Dis hoe die profeet Hfst 5:18 en 6:1 begin. Die woord "ellende" of "Wee" in die vorige vertaling kom uit die **dood- en begrafnisgebruike** van ou-Israel. Wanneer mense die uitroep hoor, het hulle gevra wie is dood. (Ons hoor dit nog in die woord *"wee-moed"* en *"wee-klag"*.)

Die profete gebruik die woord om **oordeel** aan te kondig. Niemand is nog dood nie, gelukkig nie, inteendeel, hulle is *"very much alive"*! Hulle **kan** dus nog tot besinning kom, hulle bekeer en soos die Nineviete die oordeel van hulle afwend.

Ons het gelukkig ook vandag nog die geleentheid om ons op **die vooraand** van aanstaande week se nagmaalviering te bekeer van dit wat verkeerd is in God se oë.

WIE WORD BEDOEL

Of dink u dit is **nie nodig** nie? Dat hierdie waarskuwing nie ook vir ons bedoel kan wees nie? Ons is dan Sy uitverkorenes!

Dit is wat **Israel ook** gedink het. Hulle het gedink dat *"die dag van die Here"* (5:18) net 'n dag van oordeel oor *die heidene* sal wees en 'n dag van oorwinning vir Israel. Israel was immers God se volk!

Amos rig sy waarskuwing egter baie **spesifiek aan** die wat in Sion, oftewel Jerusalem, die hoofstad van Juda en in Samaria, die hoofstad van Israel woon. Hy noem hulle "***die voorste nasie***." Hulle beklee m a w die *eerste plek*. God het hulle tussen al die ander nasies uitgekies om sy volk te wees. 3:2 *"Ek het net vir julle uitgekies uit al die volke van die aarde…"* Maar dan lui die vers verder: *"... daarom sal Ek julle straf oor al julle sondes."* Juis omdat hulle God se volk is, is hulle aan HOM verantwoording verskuldig. En, broer en suster, dit geld natuurlik eweneens vir ons **as gedooptes** oor wie God se Naam uitgeroep is. Ons moet Hom gehoorsaam wees en Sy standaarde nastreef. Ons moet ons met Sy doel en strewe VIR Sy skepping vereenselwig. Ons bevoorregte posisie bring verantwoordelikhede mee.

VOL VAN HULLESELF

Die prentjie wat ons uit Amos se woorde van die volk kry, is een van **selfvoldaanheid**. Hulle laat 'n mens dink aan die gemeente van wie ons in **Openbaring** lees wat gesê het: *"Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie…"* (3:17)

Maar het ons dan nie **laas week** gesê dat met Jesus in die skuit kan 'n mens maar rustig wees nie?
Die mense oor wie Amos dit het, se gerustheid was egter **nie op die Here** gebou nie. Dit was op valse, wankelrige gronde gebou. Amos probeer hulle oë daarvoor oopmaak:
*"Moenie julle daarop beroem dat julle **die uitverkore volk** is nie. Julle hoofstede, Jerusalem en Samaria, is ook **nie so veilig** en oninneembaar soos wat julle dink nie."*
Amos wys hulle op die **voorbeeld** van drie ander hoofstede wat ook gedink het dat hulle oninneembaar was en tog deur die vyand verower is, nl die stede Kalne, Hamat en Gat. Hoogmoed kom tot 'n val!
Die feit dat hulle 'n tydperk van **ekonomiese opbloei en politieke stabiliteit** geniet het, het verder bygedra tot 'n valse gevoel van veiligheid. Ons het mos almal gesien jy kan nie jou vertroue op die ekonomie of die politiek plaas nie …

DIT LEI TOT 'N OPPERVLAKKIGE LEWENSTYL
Dit alles het bygedra tot **'n oppervlakkige, uitspattige lewenstyl** onder 'n groot deel van die bevolking. Amos se beskrywing klink byna soos die teks vir 'n **Top Billing episode**.
Luister hoe word hul **huise** in 3:15 beskryf: *"Ek sal die wintershuis platslaan saam met die somerhuis, die huise met ivoorinleg sal vergaan…"*
Hulle **meubels** is buitengewoon weelderig. Hier staan hulle strek hulle uit op hulle rusbanke. Hulle lê op beddens wat met ivoor ingelê is. Hulle **kos** is net van die beste. Vleis was destyds, soos vir baie vandag ook, al klaar 'n luukse, maar die vleis wat hulle eet, is alles Keurgraad - lamsvleis en vleis van kalwers wat spesiaal op stal vet gevoer is! Hulle bring hul tyd deur met plesier en verluister hulle aan **musiek** en skryf self liedjies. Hulle **wyn** drink hulle nie uit bekers nie, dit is te klein! Hulle drink uit komme soos die wat vir die offers gebruik is. Dit klink na 'n geval van *"Wine, women and song…"* Die **olie** wat hulle aan hul liggame smeer, is spesiaal uitgesoek. Net die beste is goed genoeg!
**Vyfster weelde**… die lekker lewe waarna almal strewe. Is dit nou verkeerd? Is dit sonde? Moet daar dalk 'n **ouderdomsbeperking** op programme soos Top Billing geplaas word?!

ONGEVOELIG TEENOOR ANDER
Dit is nie wat hier staan nie. Maar luister MOOI wat staan hier in vers 6: *"julle drink wyn uit offerkomme en salf julle met uitsoekolie, **maar oor die vernietiging van Josef bekommer julle julle nie.**" **Josef*** is 'n ander naam vir die volk Israel. Ten spyte van die ekonomiese en politieke welvaart, het die **gaping** tussen ryk en arm al hoe groter geword en was die volk **geestelik** op die afdraande pad. Dis vandag ook aan die gebeur!
Dit kon hulle egter **min skeel**. Solank hulle maar net kon eet, drink en geniet, was hulle doodtevrede. Hulle het nie die **nood** van mede-Israeliete raakgesien en die **geestelike verval** in die land het hulle nie gepla nie. Daarvoor was hulle nie bereid om by te dra nie. Hulle hele bestaan was op hulleself gerig. Hulle het selfs in die **regspraak** net hul eie voordeel gesoek (:12).
**En ons?** Ons hoor van verskeie kante dat vanjaar 'n moeilike jaar op ekonomiese gebied gaan wees. Ons sal dit dalk oorweeg om ons dankoffer- en JAObydraes te verminder. Maar mag ek vra dat voordat ons dit doen, ons eers sal kyk of ons nie op 'n ander plek kan bespaar nie, soos op luukses byvoorbeeld. Ons dink dalk ons leef nie luuks nie, maar het u geweet: As jy kos in jou yskas het, klere aan jou lyf, 'n dak

oor jou kop en ‘n bed om in te slaap, is jy ryker as 75% van die mense op aarde! As jy geld in die bank het, in jou beursie en nog iewers in ‘n bakkie, is jy een van die 8% rykste mense. Gaan ons ons lewenstandaard probeer handhaaf deur **minder mededeelsaam** te wees? Moet mense se **geestelike belange** nou maar eers verwaarloos word, solank ons net nie hoef af te skaal nie? Mag dit nooit van ons waar wees dat ons ons nie oor *“die vernietiging van Josef”* bekommer het nie!

GOD VEROORDEEL NIE RYKES

God kondig sy oordeel oor hulle aan, nie omdat hulle ryk was nie, maar omdat hulle **selfvoldaan** was: :8 *“Ek verafsku die hooghartigheid van Jakob, Ek het ‘n weersin in sy mooi huise! Daarom gee Ek die stad en al wat daarin is, oor in die mag van ‘n vyand.”* Dit gaan nie oor die **mooi huise** nie, maar oor die *gesindheid* van die mense daarbinne. Hulle kon in daardie tyd van politieke stabiliteit en ekonomiese voorspoed soveel GOED gedoen het met die gawes wat hulle van die Here ontvang het om vir almal ‘n goeie lewe moontlik te maak, maar hulle was te selfsugtig.

Dit herinner ons aan die **gelykenis van die ryk man** en Lasarus, nie waar nie. Hy het elke dag by Lasarus verbygestap en hom nooit aan die arme man se lot gesteur nie.

Ongelukkig het die skuldiges hulle ook nie aan Amos se waarskuwing gesteur nie. Die *“voorste nasie”,* het toe die *“voorste plek”* in die optog van die ballinge ingeneem! (:7)

DOEN GOED MET GOD SE GAWES

Nee, die Bybel is **nie teen rykdom en ‘n goeie lewe** nie. Dit vertel ons net van die *gevare* en die *versoekinge* wat daarmee gepaardgaan sodat ons nie *in dieselfde strikke* as ander voor ons sal trap nie.

Hierdie verhaal wys ons spesifiek op die **gevaar van** SELFVOLDAANHEID:

- Selfvoldaanheid gee jou **‘n valse gevoel van sekuriteit**.
- Dit maak jou **ongevoelig vir ander se nood**.
- Dit laat jou **lewe draai rondom** alles wat jy kan koop en geniet.
- Sodoende **mis jy die doel van jou lewe** wat nie is om *bedien* te word nie, maar om te *dien*, nie om jouself te plesier nie, maar vir God.

*Gedeelde vreugde is dubbele vreugde*! Laat ons dan op die **uitkyk bly** waar ons kan goed doen met dit wat die Here vir ons laat toekom.

Amen
8/2/09

BESPREKING

Watter van jou maandelikse uitgawes is op luukses?
Waar kan die gemeente bespaar?
Hoe sal dit ons doel as gemeente raak?
Hoe kan die gemeente sy inkomste verhoog?